**Die vereistes vir draagbare spoedkameras:**

Hieronder is ʼn paar wenke rondom die regulasies wat verkeerspolisie moet

navolg wanneer dit by spoedkameras kom:

**Wat mag jy aanvra indien jy afgetrek word?**

1. Indien jy afgetrek word en daar word gesê dat jy te vinnig ry, mag jy die kamera se kalibrasiesertifikaat aanvra.
2. Indien jy afgetrek word, mag jy die operateur van die kamera se sertifikaat

   aanvra, aangesien dit ten alle tye beskikbaar moet wees waar spoedmetingtoerusting gebruik word.
3. Indien jy afgetrek word, mag jy daarop aandring om die spoedlesing op die kamera te sien.

**Algemene operasionele vereistes**

Geen vervolging mag plaasvind indien:

a. Die spoedmeting binne 300 m van die begin van ʼn spoedlimietsone plaasvind nie.

b. Indien ʼn verkeersbeampte ʼn foto vir vervolging wil gebruik, maar nie toestemming by die direkteur van openbare vervolging ontvang het nie.

**Regulasies vir radarspoedtoerusting**

1) Die ligging van ʼn spoedradar moet tydens die dag geïdentifiseer word, ongeag of die oefening tydens die dag of nag gaan plaasvind.

2) Daar mag geen groot, stilstaande of metaalvoorwerpe binne 50 m voor die radar wees nie.

3) Geen meting mag verder as 500 m gedoen word nie.

4) Daar mag geen ander voertuig binne 600 m van die voertuig wat gemeet word, wees nie.

5) Daar mag geen metaalpadtekens of enige vertikale plat oppervlaktes binne 15˚op enige kant van die mik rigting wees nie.

6) Daar mag geen metaalpadtekens of enige vertikale plat oppervlaktes binne 200 m van die antenna van die radar wees nie.

7) Die toerusting mag slegs gebruik word waar die radar se uitsig skoon is; dit moet binne 45˚en 600 m van die uitsig wees.

8) Daar mag geen hoogspanning kabels binne ʼn radius van 100 m van die antenna wees nie (soos byvoorbeeld kragkabels).

**Regulasies vir laserspoedtoerusting**

1) Wanneer die ligging vir spoedtoerusting waar laser gebruik word, geïdentifiseer word, moet die operateur verseker dat daar ʼn skoon, ononderbroke spasie van die pad en die voertuig wat gemeet moet word, is.

2) Geen meting mag verder as 500 m gedoen word nie.

3) Die meetafstand moet op die aanklagtevorm aangedui word indien daar nie ’n foto is om dit te bewys nie.

4) Indien daar meer as een voertuig in sig is, moet daar ’n duidelike spasie tussen die voertuie wees.

**Regulasies vir spoedtoerusting waar foto’s van toepassing is**

1) Die foto moet ten minste die volgende inligting bevat:

a) Die datum van die moontlike oortreding.

b) Die tyd van die moontlike oortreding.

c) Die spoed wat gemeet is.

d) Die ligging van die moontlike oortreding.

e) Die voertuig moet duidelik die moontlike oortreder se voertuig wees.

2) Daar mag nie meer as een voertuig tussen die sensorlyne wees indien die lyne algemeen is of nie baanspesifiek is nie.

Indien baanspesifiek, moet die baan waar die oortreding plaasgevind het, sigbaar wees.

Jy word aangeraai om elke boete noukeurig deur te lees en te verseker dat alle inligting daarop korrek is. Indien enige inligting op die boete nie korrek is nie, kan jy dit na AARTO verwys; dikwels is hierdie boetes dan nie geldig nie.

Indien jy jou boete of verkeerskaartjie bevraagteken, kan jy die navraag op die korrekte vorm aan AARTO stuur by http://www.aarto.gov.za/index.php/formssp-2604.